**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 3: PRYSVORMING (2)** (Aanbod en pryse) ***MEMORANDUM***

’n Sakeman wat kookolie verkoop, bevind dat mense toenemend olyfolie koop, omdat dit gesondheidsvoordele het. Hy verkoop tans 1 000 liter olyfolie teen R40 per liter. As die prys sou opskuif na R50 per liter is hy bereid om 1 500 liter te verskaf. As die prys egter sou daal na R30 per liter, sal hy slegs 500 liter te koop aanbied.

**1 Waarom was daar ’n toename in die gebruik van olyfolie?**

Omdat die gebruik van olyfolie gesondheidsvoordele inhou.

**2 Hoe reageer hierdie sakeman op ’n styging in die prys van olyfolie?**

As die prys styg bied hy meer olyfolie te koop aan.

**3 Kom die sakeman se reaksie op prysveranderings ooreen met die wet van aanbod?**


Ja. In ooreenstemming met die wet van aanbod bied hy meer olyfolie te koop aan as die prys styg en as die prys daal bied hy minder olyfolie te koop aan.

**4 Die sakeman kan ingevoerde olyfolie teen ’n 10% laer prys as die plaaslike produk aankoop. (a) Hoe sal hy op hierdie geleentheid reageer? (b) Waarom?**

(a) Die sakeman sal die ingevoerde olyfolie aankoop om te verkoop.

(b) Die laer prys van die ingevoerde olyfolie bied hoër winsmoontlikhede.

**5 Trek ’n grafiek om die sakeman se aanbod van olyfolie te illustreer.**




**6 Wat (a) word dit genoem as handelaars in olyfolie in die algemeen bereid is om teen elke prys in die grafiek, meer olyfolie te verkoop? (b) Hoe sal so ’n situasie op bostaande grafiek voorgestel kan word?**

(a) ’n Toename in die aanbod van olyfolie. (b) Deur ’n nuweaanbodkurwe regs van die bestaande kurwe te trek.